**DIEN DIE HERE MET DANKBAARHEID MET JOU DANKOFFERS**

**Lees: Maleagi 3: 6 – 12** **Teks: Maleagi 3: 7**

Daar loop baiekeer dinge skeef in ons lewe. Ons vra baiekeer hoekom sulke dinge met ons gebeur. Ons ervaar in ons eie gemeente hoe mense die kerk verlaat, mense wat ongelukkig is. Ons ervaar finansiële tekorte, tekorte aan ampsdraers en so kan ons maar opnoem. Waarom?

Dit is ook wat hier gebeur in die tyd van Maleagi. Telkemale in die profesie sien ons dat die volk vermetel vra wat is dit wat hulle verkeerd gedoen het. Selfs in vandag se gedeelte vra die volk: Waarvan beroof ons U? nadat die Here uitdruklik gesê het dat hulle Hom beroof. Maar iets wat ons moet besef saam met die volk is dat die Here dinge wat skeefloop gebruik om ons aan te spoor om na ons lewens te kyk en te besef dat daar foute is. Soms, soos met die volk, is daar ernstige foute wat kop uitsteek en dit is tyd dat hulle regmaak wat verkeerd is.

In hierdie gedeelte handel dit oor tiendes. Dit sluit aan by hoofstuk 1 waar die Here gepraat het oor die offers. Die volk bring nie hulle tiendes vir die Here soos Hy van hulle vra nie. Hulle verskoning is die sprinkane het hulle oeste verwoes en boonop was daar droogte en allerhande ander verskonings oor hoekom die volk nie hulle tiendes kon bring nie.

Vers 9 leer ons dat daar alreeds 'n vloek rus op die volk. Die rede hoekom daar droogte en ander probleme is, is omdat hulle nie hulle verpligting teenoor die Here nakom nie. Nou gebruik hulle dit as verskoning om nie te doen wat hulle moet nie. Hulle bring nie die tiende nie. Die offers of tiendes wat die volk moes bring moes rein en sonder gebrek wees. Hulle het die sieklike en verminkte diere gebring terwyl die beste op die land bly.

Hulle totale gesindheid ten opsigte van hulle dankbaarheid aan die Here was verkeerd. Die Here het hulle dan lief. Hy bevestig dit keer op keer deur hulle daarvan te verseker. Inteendeel Hy verskaf aan hulle alles wat hulle nodig het om van te leef. Is dit dan so moeilik om net 'n tiende aan die Here terug te gee?

Daarom kom die Here na die volk en vra dat hulle hulle moet bekeer. Hy sal sorg dat dit beter gaan met hulle.

Ons as gemeente het gehoor vanoggend oor die statistiek van hulle in die gemeente wat dankoffers bring en hulle wat nie bring nie. Ons weet dat daar mense is wat glad geen dankoffers aan die Here gee nie. Die Here sê duidelik vir ons dat ons hom moet ophou beroof. Waarin het ons U beroof? Ek betaal dan my dankoffers. Waarom moet ek my steur aan dit wat vandag gesê word?

Maar indien jy dankoffers gee is nog steeds moontlik om die Here te beroof. Dit gaan in hierdie gedeelte oor die tiendes. As die volk nie die volle tiendes (v10) bring nie dan ishulle besig om die Here nog steeds te beroof. Moet ons ook nog tiendes bring?

2 Korinthiërs 8 leer ons dat die Here wil hê van dit wat ons het en nie van dit wat ons nie het nie. Ons moet besef dat ons nie aan die Here die afskeep geldjies kan gee nie. Ons moenie verminkte en gebreklike offers bring terwyl die beste nog op die land staan nie. As ek R200 gee en ek het die vermoë om R1000 te gee dan is ek besig om die Here te beroof. As ek nie aan die Here gee uit alles wat ek het nie dan beroof ek die Here.

Inteendeel as ek nie aan die begin van die maand begroot om eers die Here se deel te gee en dan my eie behoeftes te vervul nie, dan beroof ek die Here aan dit wat Hom toekom. Maar waarom moet ek dit doen?

Sy liefde is so duidelik deur Jesus Christus se dood aan die kruis. Sy liefde strek nog verder met die wete dat die Heilige Gees aan my die gawe skenk om te kan werk Hy skenk aan my 'n werksgeleentheid om inkomste te kan verdien. Die Here verskaf aan my die finansies wat ek elke maand in. Hoe kan dit onregverdig wees van Hom om my te vra dat ek iets daarvan vir Hom moet teruggee?

Die Here daag jou uit in hierdie gedeelte om Hom te toets of Hy nie Sy seën oor jou sal uitstort nie. Toets dit in jou eie persoonlike lewe of dit nie gaan werk nie. Al is dit so dat jy hulp van die diakonie ontvang is dit nodig dat jy in hierdie opsig jou dankbaarheid aan die Here bewys.

Ons as gemeente moet sorg dat ons met dieselfde dankbare gesindheid die Here loof en dank vir sy liefde en genade wat Hy so ryklik oor ons uitstort. Kom ons beproef Hom soos Hy ons uitnooi. Kom ons wees dankbaar en bekeer ons van die rooftog waarmee ons besig is en dien die Here met ons dankoffers en gawes soos Hy van ons vra en verwag.

**Ds. Neville Boy**
**5 Maart 2017**